
HUISGENOOT
10 Apr 2014, p.52

# JOU GELD-SAKE



# KONTANT VIR JOU BOEDEL

**Deur LETITIA WATSON**
Stuur voorstelle en versoeke na geldsake@huisgenoot.com. E-posse sal sover moontlik in die rubriek beantwoord word en nie persoonlik nie.

Pasop! Te min geld in jou erflating kan jou geliefdes laat swaarkry

## SORG DAT DAAR GENOEG KONTANT IS

### HOEKOM IS DIT ENIGSINS NODIG?

Jou boedel omvat jou bates, soos eiendom en beleggings, maar daar is ook uitgawes (laste), soos administrasiekoste en belasting. Jou erfgename sal eers bates kry sodra die eksekuteur weet daar is genoeg kontant om jou uitgawes te dek.

Daar is twee soorte boedels met kontanttekorte. Een het wel bates, maar te min kontant om die laste te betaal. Die ander is 'n hulpbehoewende boedel. Daar is dalk 'n huis, meubels en motor, maar te min bates of kontant om die laste te dek.

### TE MIN – WAT NOU?

Wanneer die boedelgeld skraps is, kan die erfgename die nodige kontant aan die boedel betaal sodat die bates behoue bly en nie verkoop word nie; so nie besluit die eksekuteur saam met die erfgename watter bates (soos aandele of eiendom) verkoop moet word vir kontant vir boedelskuld en administrasiekoste.

As die erfgename nie die kontant het nie of nie kan besluit wat hulle wil verkoop nie, sal die eksekuteur (met die toestemming van die meester van die hooggeregshof) die bates kies wat verkoop moet word.

## MOONTLIKE OPLOSSINGS

### POLIS EN EIENDOM

Tref voorsorg vir 'n kontanttekort deur die opbrengs van 'n lewenspolis aan die boedel te betaal, sê Tiny Carroll, fidusiêre spesialis by Glacier van Sanlam. Die lewensdekking kan op die ou end selfs meer as al die polispremies wees.

Die testament kan ook bepaal dat byvoorbeeld eiendom verkoop word om laste te betaal. Dié verkoop is onderworpe aan kapitaalwinsbelasting (KWB) en markomstandighede; dus kan dit langer duur om die boedel te beredder.

### SPAARREKENING EN BELEGGINGS

Kontant in 'n spaarrekening kan werk, mits dit genoeg is. Dit word aan jou boedel en nie aan begunstigdes bemaak nie. Onthou, weens lae rentekoerse op spaarrekeninge is dit dikwels 'n belegging wat stagneer.

Beleggings in byvoorbeeld effektetrusts of aandele word ook gebruik. Dit moet dan eers verkoop word, sê Tiny. Die opbrengs hang af van die mark en kan in sekere omstandighede aan KWB onderworpe wees.

> *'In hierdie wêreld is net die dood en belasting seker'*
>
> – DIE AMERIKAANSE GRONDLEGGER BENJAMIN FRANKLIN

## VYF VRAE OOR JOU ERFLATING

1. Watter koste moet betaal word? Boedelbelasting, administrasie- en eksekuteursgeld, asook enige uitstaande skuld wat jy dalk het, soos op jou huis, motor of kredietaankope.

2. Hoeveel mag die eksekuteur eis? Tot 3,5 persent van die bruto boedelbates (uitgesluit byvoorbeeld pensioengeld en polisse) en 6 persent van die bruto inkomste op boedelbates deur die eksekuteur ingevorder van die sterfdatum tot afhandeling.


3. Hoeveel is boedelbelasting? Alle bates is onderworpe aan boedelbelasting teen die huidige koers van 20 persent op die belasbare bedrag ná aftrekkings en vrystellings. Die eerste R3,5 miljoen van 'n oorledene se boedel word vrygestel.

4. Wanneer is 'n boedel insolvent? Wanneer die totale boedelskuld meer is as die waarde van die bates. Die eksekuteur is dan verplig om alle bates te verkoop. Die opbrengs word tussen die skuldeisers verdeel.

5. Hoe lank duur dit? Dikwels langer as 'n jaar; daarom is beskikbare kontant belangrik om naasbestaandes tydens bereddering te onderhou. Veral as bates vir kontant verkoop moet word, gaan die familie swaarkry tot alles afgehandel is.

## 35% VAN DIE SPAARMARK GEBRUIK LEWENSVERSEKERING, DOODS- EN ONGESKIKTHEIDSDEKKING

Navorsing vir Old Mutual se jongste spaarmonitor toon meer as 'n derde van respondente gebruik lewensversekering, doods- en ongeskiktheidsdekking om te spaar. Skaars 'n kwart van die jeug doen dit.




**WENK** Vra iemand wat in boedels spesialiseer om jou vir genoeg kontant te help beplan.

### KRY HIER NOG HULP

- Kry inligting oor boedelkundiges en die verbruikersraad by die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika, fidsa.org.za.
- Die meester van die hooggeregshof se webtuiste by justice.gov.za en sommige banke en beleggingsgroepe het aanlyn inligting oor testamente en boedels.